

8 November

Skrifgedeelte: Psalm 96 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 96:1

Dís nuus!

'n Mens kan in weelde verdrink. Ook in die weelde van die evangelie en die weelde van kerkwees. Psalm 96 maak ons oë wawyd oop daarvoor. Israel word opgeroep om 'n nuwe lied te sing. 'n Nuwe lied? Waaroor? Oor die wonders wat die HERE gedoen het. Maar dit is mos ou nuus? Sy magtige werke, soos wat dit in sy skepping en in die geskiedenis van die volk Israel skitter, is deur en deur vir elke Israeliet bekend. Van geslag tot geslag word daaroor gepraat. Van kleinsaf word kinders daarmee groot. Daaroor hoef hulle tog nie 'n nuwe lied te sing nie!?

Ja, so verdrink 'n mens in die weelde van die evangelie. Die groot dinge van die HERE word gewoon. God word gewoon. Die nuus is uit die nuus uit. Intussen bly die opdrag van Psalm 96 staan. Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied. Sy heil moet van dag tot dag verkondig word. Die evangelie moet vars bly. Dit mag nooit so gewoon word dat ons klein daarvan begin dink nie. Bid dat die Gees van God ons harte brandend hou om die evangelie altyd weer met blydschap te ontvang en met verwondering aan te hoor, ook al is ons hóé vertrouwd met die inhoud daarvan.

Psalm 96 leer ons tegelyk iets anders. Die lied van Christus se evangelie sal en moet altyd nuut bly, omdat dit onder die nasies versprei word. Mense wat die evangelie nog nie gehoor het nie, kry in alle opsigte nuus. Hulle is verkleef aan gode wat nietigheid is (vs 5). Die nuwe lied wat hulle uit jou mond mag hoor, is: daar is sin in die lewe. Teenoor die stomme afgode en ver bo die nietige afgode staan die Vader in die hemel wat alles geskep het en onderhou.

Volke moet geleer word Wie hierdie God is. Ons God en Vader in Jesus Christus! Hulle moet dit hoor by gelowige Christene wat met oortuiging 'n nuwe lied sing en hulle lewe as heilige, welgevallige offer vir God aanbied (Rom. 12:1). Hoe meer jy met mense praat wat God nie ken nie, hoe meer besef jy wat die krag van die evangelie is. Die lied wat ons sing, is nuut. Dit sal altyd nuut wees. Want Christus is Nuus. Wêreldnuus.

Sing: Psalm 96:1 (1936)

Dr. GJ (Gerard) Meijer (Oos-Moot)